

**20 September**

**Openbaring 4 (Ps. 11:4)**

***God bewaar die uitverkorenes***

Voel jy bedreig deur die sonde met die verlamme gevoel dat daar nie iets aan gedoen kan word nie? Dit is deesdae baie neerdrukkend om die koerant oop te maak en na die nuus op die TV te kyk of oor die radio daarna te luister. Van oraloer kom berigte van die afbrekende en verwoestende mag van die sonde. Mense sê God het Hom teruggetrek in die hemel en het geen belang meer in dit wat op aarde gebeur nie. Dit is genoegsaam rede om pessimisties en swartgallig te voel. Psalm 11:4 sê dis nie nodig om so te voel nie. In die hemel sit God en Hy regeer die wêreld deur sy almag, wysheid en voorsienigheid. God sien alle dinge raak want Hy is alwetend en altydteenwoordig. God keur en beoordeel die mens volgens sy dade. Wie by God skuil sal nie deur die boosheid oorweldig word nie. Inteendeel, God het in sy Woord duidelik gemaak dat daar sulke tye sal kom (2 Tim 3:1-9). As gelowige kan jy God op sy Woord neem. Hy belowe dat Hy nie die werke van sy hande sal laat vaar nie (Ps. 138:8). Psalm 2:1 wys ook na die nasies wat woel en kwaad bedink, maar God regeer met 'n vaste hand vanuit die hemel. Hy sal die uitverkorenes veilig bewaar. Niemand of niks sal hulle uit God se hand ruk nie (Joh. 10:28-29; Rom. 8:31-39). Kom hierin jou geloofsverantwoordelikheid na.

Sing: Psalm 97:1

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)